



# Die brief van Jakobus

## deur

# H.D. van Herksen

## Inhoudsopgawe

- **Skets 1** Die brief van Jakobus (Jakobus 1:1) .....2
- **Skets 2** Oor die versoekinge (Jakobus 1:2–18).....5
- **Skets 3** Om God se Woord te doen (Jakobus 1:19–27) .....8
- **Skets 4** Oor die aanneming van die persoon (Jakobus 2:1–13) .....10
- **Skets 5** Oor die werke van die geloof (Jakobus 2:14–26) .....13
- **Skets 6** Oor die sonde van die tong (Jakobus 3:1–18) .....15
- **Skets 7** Die gemeenskap van die heiliges (Jakobus 4:1–5:6) .....17
- **Skets 8** Die gemeenskap van die heiliges (vervolg) (Jakobus 5:7–20).....19

HD van Herksen

# Skets 1

## Die brief van Jakobus

### Jakobus 1:1

#### A. Skrywer Jakobus 1:1a

#### Wie? Daar is meer as een Jakobus in die Skrif bekend?

Hierdie brief begin met die woorde: "Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus..." Die Statevertaling noem hom 'n apostel in die opskrif bo-aan hierdie brief. Die opskrif was egter nie oorspronklik deel van die teks nie. Dit was die mening of opvatting van die Statevertalers. Nêrens verder in hierdie brief blyk dit dat Jakobus 'n apostel was nie. Wie is hy dan? Wanneer ons dit in die Nuwe Testament nagaan, dan kom ons verskillende mense teë wat die naam Jakobus gedra het.

Twee apostels het ook die naam gedra. Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Jakobus die seun van Alféüs (Matteus 10:2, 3). Eersgenoemde is al vroeg vermoor soos ons lees in Handeling 12:2. Van die tweede is daar verder niks bekend nie, slegs dat hy 'n apostel was.

#### Algemene bekendheid

Nou is dit uit die eerste vers van hierdie brief baie duidelik dat die skrywer algemeen bekend was en 'n ander aanduiding oorbodig of onnodig was. Judas het byvoorbeeld in sy brief wel 'n ander aanduiding gegee toe hy homself voorstel as "... en broer van (hierdie bekende) Jakobus" (Judas 1). Is daar dan in die Nuwe Testament 'n ander Jakobus buiten die twee apostels met hierdie naam wat moontlik die skrywer van hierdie brief kan wees? Op hierdie vraag kan ons bevestigend antwoord, naamlik Jakobus, die broer van Jesus, volgens Matteus 13:55, Markus 6:3 en Galasiërs 1:19. Van hom weet ons dat hy — net soos die ander broers van Jesus — aanvanklik nie in Hom geglo het nie (Johannes 7:5). Eers na sy opstanding is Jakobus deur God tot geloof gebring (1 Korintiërs 15:7). Verder blyk dit dat hy 'n vooraanstaande plek in die gemeente te Jerusalem gehad het, asook daarbuite. Paulus skryf oor hom aan die gemeente in Galasië. Aan hulle is Jakobus ook bekend as die broer van Christus (Galasiërs 1:19). Verder lees ons nog van hom in Handeling 12:17; 15 en 21:18.

#### Slaaf van die Here Jesus Christus

Wanneer ons hierdie Skrifgegewens saamvat, dan het ons in hierdie brief nie te doen met 'n apostel nie, maar met die broer van Jesus, wat as leier van die gemeente te Jerusalem algemene bekendheid geniet het. Jakobus maak dit egter nie as sodanig bekend dat hy die broer van Jesus na die vlees (familiegewys) is nie. Hy bied homself aan as slaaf van die Here Jesus Christus en van God. Dit is nie die band van die vlees wat hom met Christus verbind nie, maar die band van die Gees. Die gesag van God en Christus tree na vore en vra ons onderwerping in geloof. God en sy gesalfde spreek deur Jakobus, wat deur Christus tot dienskneg gemaak is (vgl. Judas 1).

#### Wie roem, roem in die Here!

So sien ons dadelik aan die begin van hierdie brief die heerlikheid van die Here Jesus Christus. Selfs sy broer Jakobus, wat nie in Hom wou glo as Saligmaker en Here nie, is deur Hom oorwin en deur Hom in diens gestel in sy heerlike koninkryk as een van die eerstes in die nuwe bedeling. Hoe skitter die heerlikheid van die nuwe bedeling in hierdie oorwinning van Jesus Christus!

## **B. Geadresseer 1:1b**

### **Aan wie?**

Wanneer 'n mens met 'n brief te doen het, is die tweede vraag (na die eerste vraag "van wie"?) altyd belangrik: aan wie? Die antwoord hierop is: aan die twaalf stamme in die verstrooiing. In teenstelling met ander briewe in die Nuwe Testament word hiermee geen pleknaam genoem nie. Nou is en bly dit altyd moeilik om met onbetwisbare sekerheid te sê wie die geadresseerde is. Daar word gemeen dat Jakobus aan Christene skryf uit die Jode wat verstrooi geraak het na die vervolging soos beskryf in Handeling 8:1.

### **Karakter en doel**

Die karakter en doel van hierdie brief staan in noue verband met die adres. Daarom is dit goed om ons volle aandag te gee aan hierdie adressering. Wat word bedoel met "die twaalf stamme"? Wat word bedoel met "in die verstrooiing"? Wanneer ons die eerste uitdrukking nagaan, dan word daarmee die volheid van Israel aangedui. Dan sien ons Israel nie hier as 'n nasionale eenheid nie, maar as die volk van God, as die kerk. In die Ou Testament dui hierdie uitdrukking "die twaalf stamme van Israel" op Israel as die gemeente van die Here in haar eenheid en as 'n geheel (Eksodus 24:4; 1 Konings 18:31, 32; Eksodus 28:21; 39:14 e.a.). So neem ons nou ook hierdie uitdrukking oor in die Nuwe Testament: Israel word nou vergader uit alle geslagte, tale, tonge en nasies (Galasiërs 6:16). Het Johannes nie op Patmos die hele Israel in die glans van God se genade gesien nie? (Vgl. Openbaring 21)

Met die verstrooiing (in die oorspronklike teks staan die woord "diaspora") word gewoonlik die verstrooiing van die Jode onder die heidene in ballingskap bedoel.

Na die Babiloniese ballingskap het daar heelwat Jode teruggekeer na Jerusalem, maar ander het tog in die vreemde agtergebly. Jerusalem het egter nog altyd die sentrum gebly vir die Jode wat in die verstrooiing was (vgl. Handeling 2:9-11). Vir die Jode in die verstrooiing was die gevaar groot dat hulle Jerusalem sou vergeet en sou opgaan in en saamsmelt met die heidense volke.

### **In die wêreld, maar nie van die wêreld nie**

Jakobus dui met hierdie woorde die posisie aan van die Kerk van alle eeue: sy (die kerk) is deur God *in* die wêreld geplaas, maar nie *van* die wêreld nie. God het dan 'n praktiese oorweging gehad in die verstrooiing van die eerste Christelike gemeentes te Jerusalem. Om in die verstrooiing te wees, is kenmerkend van die kerk in hierdie tyd (vgl. 1 Petrus 1:1 met Filippense 3 en Galasiërs 4). In die konkrete situasie van sy tyd skerp Jakobus hier dus die wet van die koninkryk van die hemele in by die een katolieke kerk. Immers is daar vir die kerk altyd van alle kante die gevaar om haar te wil aanpas by die wêreld. Met al sy gawes roep Jakobus ons op om 'n eie styl as kerk te openbaar. Die styl van die koninkryk van die hemele, soos die wysheid van God ons in Spreuke geleer het en soos die Wysheid wat vlees geword het (Jesus) dit in sy bergrede verkondig het (Matteus 5-7). Die Gees van Christus neem ook in hierdie brief die Woord en verkondig dit deur die diens van Jakobus aan die een algemene Christelike kerk: bewaar die Christelike afsondering in die wêreld. Wanneer ons dit so lees, is daar baie meer eenheid in hierdie brief as wat baie mense dink as hulle net oppervlakkig na hierdie brief kyk.

So is hierdie skrywe ook vir ons vandag aktueel om as kerk alle wêreldgelykvormigheid te vermy en om elke dag opnuut te leer hoe om 'n "uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry" te wees (1 Petrus 2:9).

## **C. Seëngroet 1: 1c**

Groete! Ander vertalings het hierdie woord vertaal met: heil. Meesal vind ons in die briewe van Paulus "genade vir u en vrede", bv. in Filippense 1:1, 2. Hier is geen sprake van 'n seënwens van een persoon tot 'n ander nie. Dit is 'n amptelike aanspreekvorm. In die naam van God en Christus

word hier 'n groet aan jou toegewens. Dit wil sê: nou mag daar sekerheid wees dat God die vervulling sal gee in die pad van die geloof. Voordat Jakobus (beter: die Trooster) die koninklike wet inskerp, dra hy die heil, die saligheid wat deur Christus verwerf is vir sy kerk, na die kerk toe, ook al leef die kerk in die verstrooiing. Die wet kan dan ook immers slegs vervul word as ons as kinders van God dankbaar is vir die heil wat deur God aan ons geskenk is uit louter genade, enkel en alleen om die verdienste van Jesus Christus.

### ***Vrae vir die bespreking:***

1. Kan ons iets meer sê oor die tyd waarin Jakobus hierdie brief geskryf het?
2. Wat het Luther oor hierdie brief gesê? Is dit verklaarbaar?
3. Het Jesus meer broers na die vlees gehad? Wie verwerp dit? Het die Gereformeerdes altyd gepraat van broers van die Here Jesus?
4. Van wie ontvang die ampsdraers hulle gesag? Deur middel van wie? Wat is eintlik die gesag van 'n ampsdraer?
5. Wat beteken die naam Here (daar staan eintlik Kurios) volgens die Heidelbergse Kategismus vr. en antw. 34?
6. Is daar nog 'n ander brief van Jakobus? Kyk na Handeling 15:23 en verder in konteks (soos dit daar staan 'n paar verse voor en na die teks).
7. Watter seëngroet ken ons vandag in ons kerkdienste? Is dit 'n wens van die dominee of is dit beloftes van God wat deur die geloof vervul word? Hoe moet ons houding wees as hierdie seën uitgespreek word aan die begin en aan die einde van die eredienste?
8. Watter valse leer ondermyn vandag die regte leer van "in die wêreld, nie van die wêreld wees nie"?

## **Skets 2**

# **Oor die versoekinge**

## **Jakobus 1:2-18**

### **'n Dwase bevel?**

Begin Jakobus nie hier met 'n dwase bevel nie? Letterlik staan daar om in 'n groot dal vol met versoekinge te sit en dan te sê: "louter vreugde". Versoekinge kan ons hier ook lees as beproewinge.

Wat is die verskil? 'n Beproeving kom van God en het tot doel om die volk van God te bring tot 'n goeie keuse deur krag en hulp by Hom alleen te soek.

'n Versoeking is die werk van Satan om die volk van God van Hom af te trek. Daarom noem ons hom ook "versoeker" (Matteus 4:3).

### **Louter vreugde!**

Dit is 'n eer om ter wille van Christus smaad (veragting) te ly. Let wel: dit gaan hier nie oor siekte en teëspoed nie, maar oor vervolging, moeite om Christus ontwil. Salig is al die mense wat vervolgd word (Matteus 5:10-12). Maar moet nooit met Satan spot nie, hy teiken nou die Kerk en wil Christus op hierdie manier seermaak. In hierdie laaste bedeling waarin God sy beloftes gaan vervul, werp Satan alles in die stryd om die Kerk so ver te kry om Jerusalem, die geestelike moeder van die kerk, te vergeet. Hy verlei die kinders van die Kerk om nie meer soos kinders van die Kerk te wandel nie.

(Vergelyk die volgende tekste met mekaar: Johannes 12:31; Openbaring 12:12; 1 Korintiërs 7:29; 1 Johannes 2:20; Filippense 3:20).

### **Wat is die doel?**

Waaroor gaan dit in die versoekinge? Dit moet blyk dat die Kerk standvastig is in die geloof. Die Kerk moet die versoekinge kan afweer deur die geloof in die oorwinning van Jesus Christus. God maak die versoekinge diensbaar aan sy werk: die volharding van die heiliges (Markus 13:22). Dit is sy eer en heerlijkheid wat groot gemaak word as die Kerk trou volhard in die gemeenskap met God.

Moenie die woordjie "lydsaamheid" verkeerd verstaan nie. Dit beteken juis volharding, standvastigheid. Vers 3 is in die Statevertaling beter weergegee as in ons vertaling; daar het hulle die woorde volharding en standvastigheid gebruik.

### **Met watter hulp?**

Om hierdie standvastigheid en volharding te behou, het ons hulp nodig. Die volharding moet volkome deurwerk. Die woord wat hier vir "volkome" gebruik word, herinner ons aan die offerwet. Daarin word gepraat van 'n stuk offervleis "sonder gebrek", 'n stuk wat in al sy dele "volkome" is en waaraan daar geen gebrek is nie.

Nou ja, vir hierdie volkome standvastigheid is wysheid nodig. Wysheid van bo. Ware wysheid as genadegawe van God, waardeur die mens die weg van die HERE sal kies tussen die groot verskeidenheid versoekings (Psalm 19:8; Spreuke 3; Psalm 11:10; Spreuke 1:7; Spreuke 9:10). Is Satan se grootste versoeking van ons (listige!) harte nie steeds weer: het God dan nie ook gesê...? Ware wysheid van bo is dwaasheid vir die wêreld. Laat die Kerk in die wêreld (omring van

versoeking) nie op homself staatmaak nie, maar aanhoudend bid vir ware wysheid om in niks te kort te skiet nie.

## **Die gebed**

As Kerk moet ons bid vir wysheid. Want die Here het ons op sy weg geplaas. Hy wil ons ook op sy weg hou. Deur sy bevel wil Hy ons uitlok om te bid vir wysheid. Hy skenk dit oordadig, sonder enige suinigheid.

Maar dan moet ons ook bid sonder om te twyfel. Nie dubbelhartig, innerlik verdeeld nie. Die beeld waarmee die twyfelaar geteken word, is duidelik. In die Skrif is dubbelhartig die teenoorgestelde van opreg (Genesis 17:2). Hier staan dus nie dat die Here eers allerhande voorwaardes van ons kant vervul wil sien voordat Hy bereid is om ons te help nie. Nee, maar Hy moet gevra word in geloof, sonder om te twyfel. Die twyfelaar gryp God se Woord nie as enigste steunpunt aan nie. Hy volg nie altyd die Lam wat geslag is nie. Twyfel is sonde en dit maak die gebed dood.

## **Ryk en arm: moenie wêreldgelykvormig wees nie!**

Is daar wel 'n verband tussen v. 9-11 en "die versoeking"? Ja, mits ons uitgaan van die voor die hand liggende verklaring dat die armes en die rykes broers is. Nederigheid beteken hier 'n laer stand (Lukas 1:48).

Vir die armes in die kerk sê Jakobus: laat niemand homself laat beïnvloed deur sy lae stand in die wêreld nie, maar roem in hierdie stand wat jy verkry het: die aanneming tot kinders.

Vir die ryk broers: jy moet jou nie laat beheers deur jou stand in die wêreld nie, maar deur jou burgerskap van Jerusalem, wat bo is. Dan moet jy roem in die verganklikheid van die rykdom (2 Korintiërs 11:30). Die verganklikheid word deur Jakobus geteken deur die bekende beeld van die grashalm wat so vinnig verdor (Jesaja 40:6, 7 en verder).

Vir beide sê Jakobus: jy mag jou slegs laat beheers deur die burgerskap van die koninkryk van die hemel. Moet dus nie in die versoeking raak om as arme te kla oor jou lae stand of as ryke te spog oor jou hoër stand in die wêreld nie. Dit is in beide gevalle wêreldgelykvormig (Spreekw. 30:8). Die Here het verskillende klasse geskape; klassestryd is uit die bouse.

## **Eie verantwoordelikheid**

Nou sluit die evangelie betreffende hierdie versoeking (aan die begin van hierdie hoofstuk) nie ons eie verantwoordelikheid uit nie. Vers 12: salig is die man – nie net die mans nie, maar almal, mans en vroue, seuns en dogters. Vir die woord "verdra" het die Nederlandse Vertaling tereg die woord "volhard" gebruik, dieselfde woord wat in v. 2 gebruik is. Hier word letterlik bedoel dat jy jou skouer onder 'n las indruk en dit daar hou, aanhou en uithou.

Ons moet steeds die verband tussen die verse bly sien: die Here maak sy kerk vas, stewig en onwankelbaar. In sy Kerk moet elkeen vasstaan deur die geloof in Jesus Christus. Belofte (v. 2) en eis (v. 12) gaan altyd saam.

Wat is dan die uiteinde van die lyding en stryd om Christus ontwil? Die kroon van die lewe. Dit is die krans van die oorwinning. Dit bestaan uit die lewe, dit is die ewige lewe! (2 Timoteus 4:8; 1 Petrus 5:4; Openbaring 2:10).

Die Here bekroon sy eie werk. Hy het net een stryd, een oorwinning deur Jesus Christus. Daarin het elkeen 'n persoonlike roeping en verantwoordelikheid. Vers 12 is 'n persoonlike saligspreking in die raamwerk van die verlossing van God se volk.

## **Nie "bewyse" nie, maar geloof**

Nou sien Jakobus 'n groot gevaar dreig. So maklik word die Evangelie, die Blye Boodskap, misbruik. Dit is hier die geval wanneer iemand verlei word deur die sonde en dan die

verantwoordelikheid daarvoor op God afskuif. Hoe maklik word God die skuld gegee vir eie val en ongehoorsaamheid.

Daarteenoor laat Jakobus die Evangelie praat. Hy lewer nie 'n lang betoog oor God se almag en ons verantwoordelikheid nie. Hy gee slegs helder en duidelik die Woord van die waarheid aan ons deur: God kan nie versoek word nie en Hy versoek ook niemand nie.

God regeer wel oor die sonde. Dit gebeur nie sonder sy wete nie, maar Hy is nie daaraan skuldig nie. Niks gebeur sonder God se wil nie: "hoewel God nogtans nie die outeur van die sonde is nie en ook nie skuld het aan die sonde wat gebeur nie", art. 13 NGB en ook Genesis 50:20, Handeling 2:23. Ons moet ook maar liever nie 'n poging aanwend om God vry te spreek of te veroordeel nie. Of om God te "bewys" nie. Ons moet net hierdie Evangelie glo! (v. 13).

## **God alleen die eer**

Nooit mag ons God beskuldig nie. Jy moet die skuld by jouself soek. Jy het jouself losgemaak van God se Woord toe jy toegegee het aan die versoeking. Jy het dan nie gehoorsaam nie. Dan gebeur daar sonde, wat uiteindelik uitloop op die dood. Jakobus beskryf dit as die ontvangenis en geboorte van 'n kind. Jy bring self die sonde voort.

Hou op om te dwaal! Is die gemeente in die verstrooiing? Laat hulle dan weer hulle krag by God soek.

Die Vader van die ligte, van son en maan en sterre. Ons neem waar dat hulle verander, en hulle sal op 'n dag ook vergaan. Die HERE is egter die onverganklike lig wat nooit sal vergaan nie. By Hom is daar geen verandering of skyn van omkeer nie. Uit die son kom daar tog geen duisternis voort nie? Sonde en die dood kom uit onself. Nooit mag ons sê: dit is die Here se skuld nie!

Nee, dit is heeltemal anders: deur die waarheid van die Woord werk die HERE die krag van die wedergeboorte, sodat die Kerk die eersteling van die (her)skepping van God mag wees.

Die Kerk wat IN die wêreld, maar nie VAN die wêreld is nie, is die bewysstuk dat die wêreld nie die Satan se eiendom geword het nie, maar aan die HERE, die Skepper en Vader bly behoort.

Alles kom van Hom af. Aan Hom alleen die eer! Uit en deur en tot Hom is alle dinge. Bly dus in alle versoeking by die Woord van die waarheid.

## ***Vrae vir die bespreking***

1. Hoe spreek Jakobus sy lesers aan? (Vers 2, 16 en verder.) Let op die verskil met bv. Spreuke 1:8, 10. Hoekom is daar 'n verskil? Dink aan Pinkster.
2. Is dit reg om te praat van Roomse broers en susters? (HK Sondag 11 en 30).
3. Wanneer kan ons dan wel die broer- en susterterm gebruik en wanneer kan ons dit nie gebruik nie?
4. Is daar so iets soos onverhoorde gebede?
5. Ons ken vandag baie vorms van twyfel. Bespreek enkeles en probeer die Skrifgedeeltes daarteenoor te stel.

## **Skets 3**

# **Om God se Woord te doen**

## **Jakobus 1:19-27**

### **'n Evangeliese gebod**

Ons moet begin deur hier goed te let op die verband. Ons het hier nie te doen met 'n sedeprekie of met 'n sukses-spreuk nie, ook nie met 'n stukkie humanistiese raad in die trant van "praat is silwer, swyg is goud" nie. Dit gaan hier oor 'n evangeliese gebod aan die kerk in die verstrooiing (sien Skets 1 b).

### **Kerk is kerk van die Woord**

Jakobus het gesê: versoekings kom nie van God nie. Jy word deur jou eie begeerlikheid versoek. Slegs alles wat goed is, kom van God af (v. 17). Hy het deur sy Woord SY kerk voortgebring (v. 18). Op grond van hierdie weldaad kry ons nou hierdie vermaning van vers 19-21. O kerk, moenie vergeet dat jy kerk van die Woord is en dat jy steeds aan jou eie aard getrou moet bly nie. Die kerk lewe deur die Woord van God te hoor. Sy is nie net deur hierdie Woord voortgebring nie, maar sy word ook deur hierdie Woord gevoed. Sy (die kerk) moet altyd onder die tug van die Woord bly, wat tot ons kom met die bevel om nie daaroor te redeneer nie, maar om dit te glo.

As ons die tug van die Woord verloor, dan verloor die kerk haar kenmerk. Vinnig om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word, naamlik teenoor die Woord van die waarheid (v. 18). *Wie in opstand leef teen die ABSOLUTE (onveranderbare) Woord van God, se lewenswandel sal nie vir God welgevallig wees nie.*

### **Kerk met 'n eie lewensstyl**

Wanneer die Kerk gelowig die Woord van God aanvaar, dan vertoon sy 'n eie lewensstyl. Sy volg Christus en werp alle vuilheid van haar af soos 'n groot jas: onreinheid van allerlei vuil sondes, besmetting en 'n oorvloed van boosheid (haat, kwaad word, hoogmoed, gierigheid) soos die Skrif ons dit leer (Romeine 13:14; Kolossense 3:8; Efesiërs 4:22). Die kerk neem soos 'n kind die evangelie aan, wat God in ons plant met sagmoedigheid (die teenoorgestelde van kwaad word, om te kan en wil buig).

### **Hoor en doen!**

Na hierdie oproep om die Woord van God reg aan te hoor, gaan dit in vers 22-25 oor die *doen* van die Woord van waarheid. Die Kerk is immers nie net 'n hoorgemeenskap nie, maar ook 'n werkgemeenskap (Matteus 7:21 e. v.; Lukas 11:28).

Jakobus dra hier Christus se waarskuwing aan ons oor. Hy het volledig Christus se dienskneg geword. Jakobus bou nou saam voort op die enige fondament van al die apostels en profete, waarvan Christus die hoeksteen is.

Dit gaan immers in die Kerk oor die heerskappy van die Here Jesus Christus. Hoor en doen vul mekaar aan. Hy wat ons gekoop het met sy bloed verkondig aan ons die wet van die vryheid wat in Hom is, sodat ons volgens sy wet kan leef omdat Hy versoening vir ons sondes gedoen het.

### **Nie dit wat God saamgevoeg het, skei nie**

As iemand hoor en doen van mekaar wil skei, mislei hy homself (letterlik: hy misreken hom). In die verkondiging van die Evangelie word die genadeheerskappy van Christus oor die Kerk uitgeroep.



Sy Woord bring ons tot die volbringing van die wet van die vryheid. Wanneer ons hoorder en dader is, wanneer ons eers die karakter van die Kerk as Kerk van die Woord verstaan, dan sal ons nie wees soos die man wat in die spieël kyk en dan dadelik weer vergeet wat hy gesien het nie (v. 24). Nee, as ons hoorders en daders is, dan sal ons onself oor God se Woord buig om iets daarin te sien. Wat sien ons dan? Die wet van vryheid.

### **Suiwer godsdienst teenoor skyngodsdienst**

Die Kerk van Jesus Christus is dus ryk deur en met die Woord van die Waarheid, met die "volmaakte wet van die vryheid". Slegs iemand wat hoorder en dader is, is waarlik godsdienstig. Wat gaan ons dan nou doen? Die Woord van Jesus Christus, wat ons met sy bloed gekoop het. In ons hele lewe gaan ons die krag van hierdie Woord openbaar maak. As ons dit nie doen nie, dan is ons nie godsdienstig nie. Dan is ons IN die kerk, maar nie VAN die kerk nie. Byvoorbeeld: Christus se heerskappy sal eerstens so uitkom, dat ons gepraat (ons woord, ons tong) onder sy tug staan. Iemand wat in die kerk is maar nie sy tong in toom hou nie (sy hart ken nie die tug van die Woord nie), se godsdienst (= om God te dien) is waardeloos. So iemand verlei sy eie hart.

Regte godsdienst is beoefening van die gemeenskap van die heiliges. Met name die weduwees en wese. Hoe duidelik is God se Woord oor hulle en hoe waarsku die Skrif ons om die liefde van die Vader in ons doen en late teenoor hulle te laat blyk! (Psalm 68:6; Job 31:16; Jesaja 9:16; Sagaria 7:9-10 met Matteus 23:14; Handeling 6:1; 1 Timoteus 5:3.)

### ***Vrae vir die bespreking***

1. Mag ons nooit kwaad word nie? Het Christus ooit kwaad geword? Kyk na Markus 3:5, Efesiërs 4:26.
2. Kry ons die vermaning in vers 19 ook in die Ou Testament? Lees Spreuke 17:27 en Prediker 5:1.
3. Wanneer gaan die werklike werfkrag (om ander mense na ons kerk te lok) verlore? (Johannes 17:20, 21).
4. Bring ons kerkdienste in verband met die hoor en doen van hierdie brief?
5. Hierdie preek word soms "teorie" genoem. Hoekom is 'n goeie preek nooit net teorie nie? Gee 'n voorbeeld uit 'n preek wat ons onlangs gehoor het, of wat jy kan onthou.
6. In watter opsig het die Gereformeerdes 'n "eie" lewensstyl? Waar dink julle skiet ons te kort?
7. Wat is die uitdaging vir die Kerk in ons land ten opsigte van die versorging van weduwees en wese? Handeling 4:32-35, Handeling 6, 2 Korintiërs 8:13,14, 2 Korintiërs 9:8-12; 1 Timoteus 5:3, 4, 8, 16.

## **Skets 4**

# **Oor die aanneming van die persoon**

## **Jakobus 2:1-13**

### **Geen aanneming van die persoon in die Kerk nie!**

'n Nuwe onderwerp. Waarteen stry Jakobus? Teen die sonde in die kerk van die aanneming van die persoon. Die kerk word deur hierdie versoeking bedreig. Jakobus stry hierteen vanuit die genadeheerskappy van die Heer der heerlikheid, Jesus Christus.

Wat "aanneming van die persoon" betref, vergelyk onder andere Levitikus 19:15, Psalm 82:2, Lukas 20:21, Romeine 2:21, Galasiërs 2:6, Efesiërs 6:9 en Handeling 10:34.

Aanneming van die persoon is iets wat in die wêreld van groot belang is. Die kerk leef egter vanuit die uitverkiesing; sien Dordtse Leerreëls hoofstuk 1.

God het onderskeid gemaak in sy skepping: geslag, ras, ontwikkeling ens. Maar deur die sonde het die wêreld van God geword soos wat dit nou is. Verskille het teenstellings geword. God is nie gebonde met wat "in of aan" die mens is nie. Hy het sy eie redes. Die kerk mag nie oordeel op grond van die uiterlike nie.

### **Ryk en arm: God het albei gemaak**

Jakobus gee 'n voorbeeld van hierdie algemene reël. Daar is 'n samekoms in die gemeente. Twee mense kom binne; die een dra 'n goue ring en 'n skitterende klee (vermoedelik 'n belangrike staatsamptenaar), die ander is armoedig geklee. Hulle word dan verskillend behandel. Hierdie mense van verskillende rang en stand sien dan nie dat die kerk 'n eie styl het nie. Het God die kerk so behandel op grond van "aanneming van die persoon"?

Inteendeel: die armes van die wêreld het Hy bestem om ryk te wees in die geloof, die onterfde het Hy weer erfgename gemaak van die koninkryk (Lukas 1:52, 53; 1 Korintiërs 1:18-31). Die kerk moet sorg dat haar hart (God se verkiesing) nie uit haar uitgesny word nie.

### **Val Jakobus nou self in die valstrik van persoonsaanneming?**

Maak vers 6 nie nou 'n ommeswaai nie? Beland Jakobus nie in dieselfde valstrik van die versoeking ten opsigte van die aanneming van die persoon nie, as hy sê: "maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie?" (vers 6). Nee, juis nie. Voor die regters het hulle juis las van die aanneming van die persoon. Kyk maar in Lukas 18. As jy nou self onder die styl van hierdie wêreld gebuk gaan, moet dan nie jouself skuldig maak aan hierdie styl nie; vermy dit liever. Vertoon jou eie styl, die styl van vryheid van die heerlikheid om 'n kind van God te wees (1 Korintiërs 1:26-28; Matteus 25:38).

Aansienlikes laster die naam wat oor die gemeente aangeroept is. "Die goeie naam is nie die Christennaam nie, maar die heerlike naam van Christus." Die geloof in die Here Jesus Christus is onverenigbaar met die aanneming van die persoon. Die kerk mag nooit oordeel op grond van eer, mag, invloed, posisie, ensovoorts nie. Die vraag is slegs: watter houding word aangeneem teenoor die Here Jesus Christus?

### **Die koninklike wet van die vryheid teenoor die styl van die wêreld**

Jakobus stel hier baie skerp die koninklike wet van vryheid teenoor die styl van die wêreld (naasteliefde – aanneming van die persoon). Die lewe van die kerk moet uit die eie wortel Christus

wees. Hy versoen die teenstelling tussen rasse en stande wat deur die sonde tot stand gekom het. Hy vergader sy kerk sonder aanneming van die persoon. Met nadruk handhaaf Jakobus die eenheid van die koninklike wet (volgens Jakobus 1:25), koninklik, omdat die kerk aan Hom behoort, aan Christus wat as Koning regeer (HK Sondag 12) en omdat die kerk se karakter koninklik is. Ons het hier te doen met een God, een Christus en een wet.

Wie na die persoon kyk, oortree nie slegs een artikel van die hemelse strafreg nie, hy maak ook nie maar net 'n foutjie nie; hy doen sonde, hy staan skuldig teenoor die hele wet, hy openbaar homself nie as 'n kind van Vader nie.

### **Barmhartigheid van God vra barmhartigheid van ons**

Ons kan die werksaamheid van die geloof in Jesus Christus hierin sien, dat net soos Hy barmhartig is, so betoon ook diegene barmhartigheid wat weet dat hulle van sy barmhartigheid mag leef en moet leef. As iemand geen barmhartigheid geken het nie, sal die oordeel vir hom onbarmhartig (nie 'n onbillike oordeel nie!) wees; vergelyk Matteus 24:48-52, Matteus 18:23-25, Habakuk 2:5-7 en Psalm 11:5-7. Ons moet praat en optree soos mense wat deur Christus in die wêreld van vryheid staan. Die oordeel is nie iets onbekends nie. Christus sal die Evangelie hanteer as Hy kom (Romeine 2:16). Waar is die vrugte van my werk? sal Hy dan vra. Let daarop hoe dikwels Jakobus die verband tussen ons Christelike lewe en die wederkoms van Christus aantoon. (Jakobus 1:12; 2:5; 4:12; 5:3 en andere).

### **Ons Regter is ons Borg**

Ons Borg kom as Regter terug. Dit is troos en bedreiging. Vergelyk art. 37 van die NGB. In Christus, wat die vloek van die wet gedra het en alle gehoorsaamheid volbring het, het ons hierdie wet lief. In Hom gaan ons harte uit na die onverganklike koninkryk van Sy liefde met 'n eie styl. Barmhartigheid roem teen die oordeel.

Nou word hier nie gepraat van God se barmhartigheid nie. Nadat daar eers gesê is dat die onbarmhartige geoordeel sal word, kom die vraag: hoe sal die oordeel dan wees oor die barmhartige? Oor hulle wat barmhartigheid bewys het, wat volgens die koninklike wet gewandel het?

Hulle sal mag roem teen hierdie oordeel. Hulle sal behoue bly deur Jesus Christus. Hulle Regter is hulle Borg! Om dit kernagtig uit te druk, sê Jakobus hier in die laaste vers nie "barmhartige" nie, maar "barmhartigheid".

### ***Vrae vir die bespreking***

1. Is dit reg om te sê dat Jakobus hier opkom vir die "werkers" of die "armes"?
2. Sê hierdie gedeelte vir ons iets oor verdrukke minderhede?  
Pas op dat ons nie God se woord voor ons eie karretjie inspan nie. Moet ook nie die verskillende ander maatskaplike verhoudings uit die oog verloor nie.
3. Leer hierdie gedeelte ons iets oor werksverhoudinge? Slegs die Woord van God het gesag. Die werkgewers het geen gesag net omdat hulle werkgewers is nie. Die werknemers ook nie omdat hulle "werknemers" is nie. Dink aan die mag van vakbonde in ons land.
4. Is anti-Semitisme (wat is dit?) 'n vorm van "aanneming van die persoon"?

5. Kom ons kyk aan die hand van verskillende skrifgedeeltes na wat die Woord van God ons leer oor ryk en arm. Sonder om volledig te wees, noem ons hier 'n paar:

Deuteronomium 10:14; Job 41:2; 1 Samuel 2:7; Spreuke 17:5a; Deuteronomium 15:11; Markus 14:7; Matteus 6:19-21; Spreuke 23:4; 1 Timoteus 6:9, 10; Jesaja 5:8. Let veral op die roeping en seën sowel van rykes as van armes, bv. Handeling 4:14; 2 Korintiërs 8:14, 15; Lukas 10:7; Deuteronomium 24:6, 10-13; Deuteronomium 24:17-22 ens.

6. Wat dink ons van aparte kerke vir swartmense? Dink aan Soshanguve en Mamelodi.
7. Ken ons voorbeelde vanuit ons eie kerklike samelewing van "aanneming van die persoon"?

## **Skets 5**

# **Oor die werke van die geloof**

## **Jakobus 2:14-26**

### **Een van twee: dood of lewe**

Hierdie is 'n bekende gedeelte. Meesal kom hierdie gedeelte ter sprake in verband met Paulus se onderwys in Romeine 4. Ons het hier nie te doen met 'n algemene, teoretiese artikel oor die verhouding tussen geloof en werke nie. Let daarom goed op die verband waarin Jakobus dit skryf. Hy verkondig hier nou ook die Evangelie aan die kerk in die verstrooiing (v. 1): geloof sonder werke is dood (v. 17). Hy gee 'n sprekende voorbeeld daarvan in verse 14 en 15.

'n Gemeentelid skaar homself onder die banier van die belydenis (openbare geloofsbelydenis!), hy het saam gely om Christus se ontwil, maar nou help hy nie sy behoeftige broeder en suster nie. So iemand is 'n dooie lid. In die kerk is daar net twee opsies: lewe of dood.

Waar geloof is, daar is werke. Dit is nie maar net 'n mening of 'n stelling wat Jakobus maak nie, maar dit is die Evangelie van die Koninkryk. (Vergelyk: Lukas 7:36-50; Matteus 7:16-20; Lukas 6:43-45; Johannes 15:1-8) Vergelyk ook wat ons bely in Sondag 24 HK.

### **Ware geloof en duiwelse geloof**

Reeds in Jakobus se dae was daar verset teen hierdie Evangelie van God se Koninkryk. In vers 18 maak Jakobus gebruik van so 'n teenprater wat opmerk dat iemand tog gelowig kan wees, al kan jy dit nie noodwendig uit sy werke sien nie. Jakobus gebruik hier die "jy-ek"-vorm sonder om homself daarmee te bedoel.

In vers 19 noem Jakobus 'n voorbeeld. Iemand wat spog oor sy geloof maar hom nie daadwerklik besig hou met die Here se werk en hom aan die kerk wy nie, moet oppas vir die duiwels.

Hulle "glo" dat God een is (Deuteronomium 6:4, art. 1 NGB). Hierdie "geloof" laat hulle nie koud nie. Daar staan letterlik dat hulle styf staan van skrik ("sidder"). Dit beteken nie dat hulle niks meer kan doen nie, maar dat hierdie "geloof" hulle laat voortdryf in haat teen God (Markus 1:23-28; Lukas 8:26-39). Die ware geloof laat 'n mens wedergebore word (art. 24 NGB).

### **Nie twee soorte geloof nie: geloof met werke en geloof sonder werke**

Jakobus toon uit die Skrif aan dat daar nie sprake kan wees van "slegs geloof" nie, maar dat geloof in God se beloftes gevolge het. Uit en deur die werke word 'n mens se geloof openbaar. As eerste noem hy Abraham. Die vader van alle gelowiges. Die Here het aan hom die belofte gegee van die kerkraad. Daardie geloof is hom tot geregtigheid gereken. (Genesis 15:6). Abraham offer vir Isak. In daardie daad van Abraham het sy geloof 'n hoogtepunt bereik, sy doel bereik, naamlik as geloof in God se beloftes (Hebreërs 11:17-19).

Abraham word God se vriend genoem (Jesaja 41:8; Eksodus 33:11; Johannes 15:14, 15). Die Kerk mag sien wat die Here doen. Om sy mag vir ons sigbaar te maak, om dit te openbaar, dit is die werk van die Here. Maar 'n keuse is noodsaaklik! Wie 'n vriend van God genoem wil word, moet vir die Kerk en teen die wêreld kies.

As tweede voorbeeld noem Jakobus 'n ander gebeurtenis uit die Bybel: Ragab, die hoer (Josua 2:9). Sy het vir Israel gekies, God se volk, teen haar eie volk. Sy het vir die Here gekies, die God van Israel, teen haar eie afgode. Haar geloof (nie maar net iets wat sy bely het nie!) het uit haar

werke gespreek: sy het die verspieders weggesteek (Hebreërs 11:31, vergelyk ook Matteus 1:5). Geloof sonder werke kan ons vergelyk met 'n lyk. Geloof sonder werke is geen geloof in God nie, God wat spreek en beloftes maak.

Daar is maar net een slotsom: daar bestaan nie twee soorte geloof nie, daar bestaan nie so iets soos geloof met en geloof sonder werke nie.

### ***Vrae vir die bespreking:***

1. Waar word die goeie knegte (engele) vir ons as 'n voorbeeld gehou? Dink aan die "Onse Vader".
2. Wat is besetenheid in die Bybel? Kry ons dit vandag nog?
3. Waarom kan hier geen sprake wees van 'n teenstelling tussen Paulus en Jakobus, soos wat soms beweer word nie? Vergelyk hierdie hoofstuk met Romeine 4.
4. Waar leer Paulus presies dieselfde as wat Jakobus hier leer?
5. Wat moet ons dink van " Ragab se noodleuen" as ons kyk na Jakobus 4?
6. Daar word gepraat van 'n "omgee-evangelie", waarmee bedoel word dat ons nie meer moet praat van God en sy diens nie, maar dat die godsdiens moet fokus in die uitoefening van naasteliefde ("God is dood"). Rym dit met die Evangelie van Jakobus?

## **Skets 6**

# **Oor die sonde van die tong**

## **Jakobus 3**

### **Geen "slim onderwysers" in die kerk nie**

Begin hierdie hoofstuk met 'n bestraffing van hulle wat die onderrig-amp in die Kerk begeer? Nee, glad nie. Dit gaan hier oor 'n teregwysing aan mense wat hulle aanmatig dat hulle groot leermeesters is en daarom ander kan oordeel en hulle berispe. Jakobus praat hier met die "slim onderwysers" in die Kerk wat die diktatorskap van hulle eie mening op ander wil afdwing.

Kom ons kyk na die groter verband. Wat is Jakobus se doel met hierdie brief? Hy wil gehoorsaamheid bewerk deur sy prediking. Gehoorsaamheid aan die koninklike wet van vryheid. Hierdie gebod in vers 1 vloei nie voort uit die menslike wysheidsreël dat iemand wat baie sê, vir baie moet verantwoording aflê nie, maar eerder uit die gebod: EEN is julle meester, julle is almal broeders van mekaar (Matteus 23:8). Christus laat nie toe dat sy Kerk van haar vryheid beroof word deur die diktatorskap van die eie mening nie. Het Christus nie reeds die hoogste prys betaal vir sy Kerk nie? (1 Petrus 1:18-19). In die roeping wat die Kerk ontvang het (Romeine 3:2; Romeine 2:17-20; Matteus 28:18; 1 Tessalonisense 5:12) moet die enigste gesag wat van Christus af kom as enige Hoof van die Kerk deur almal eerbiedig word. Wanneer ons praat, moet ons altyd praat "soos die Woorde van God". As ons praat, moet ons altyd onself buig voor God se Woord.

### **Die afvallige tong: onbedwingbaar**

Met v. 2 het Jakobus sy vermaning van v. 1 ondersteun. Juis deur dit wat ons sê, is ons so maklik besig met "slim onderwysing". In v. 5 staan dat die tong 'n klein lid is en hom beroem op groot dinge. In die begin is die tong immers goed geskape. Was die mens se tong dan nie 'n sentrale, leidinggewende lid van sy liggaam nie, al is dit maar net 'n klein lid? Deur die tong was dit moontlik om God op sy Woord te antwoord, om gedagtes uit te druk. Hierdie gesprek was in die begin goed en mooi. Maar wat het dan gebeur? Die tong het saam met die mens van God afvallig geraak.

Watter versoeking bestaan daar dan vir die kerk? 'n Tong wat nie in diens van die Heilige Gees staan nie, wat nie onderworpe is aan die genadeheerskappy van Christus nie. 'n Tong wat afvallig geraak het, kan ons net sowel die wêreld van ongeregtigheid noem (v. 6). Met twee voorbeelde laat Jakobus baie duidelik sien hoe iets kleins iets groots kan stuur of lei. 'n Klein stang in 'n perd se bek stuur die perd se hele lyf. 'n Roer stuur 'n kolossale skip. So kan die tong 'n massa mense beweeg. Soos 'n klein vuurtjie steek dit alles aan die brand. Die hele lewensloop (voorgestel as 'n draaiende wiel met die wisselende lotgevalle) kan onder die slegte invloed van die dodelike venyn van die tong kom. Al kan die mens alle diere bedwing en aan sy wil onderwerp, kan die mens homself nie eens bedwing nie, tensy hy buig voor die Woord van God in die kerk.

### **Tong in afval: bedwing deur Christus in die Kerk**

Want in die Kerk heers die Woord van die Waarheid. Slegs daar word deur die genade van Jesus Christus dit wat van nature nie tembaar is nie, getem: die afvallige tong. Die kerk moet oppas vir die skemas van hierdie wêreld. Daardeur word die werk van Christus verydel. Dan prys ons wel God die Vader, maar wat doen ons met ons broeders? Die mense wat ek en jy daar met 'n vloek wegjaag ("ag, wat moet ons tog maak met hierdie lastige mense!") is saam met ons in een kerk! God wil Homself deur hierdie mense laat dien. Wanneer jy nou jou tong teen jou naaste gebruik (HK Sondag 43), maak jy jou lof van God (jou dankgebed of jou psalmsing) waardeloos. Want niemand het God ooit gesien nie, maar Hy kom tot ons in hierdie broeders, diegene wat Hy langs

ons geplaas het (1 Johannes 4:20). (Daardie een wat ons so irriteer of hinder). Dit wat in die natuur (sien die voorbeelde in v. 11, 12) vanselfsprekend is, kom tot ons in die kerk as 'n gebod. Jakobus laat die kerk nie met rus nie: 'n tong wat seën en vloek maak die godsdiens (=die diens van God) nutteloos. (Vergelyk Job 16:5; Spreuke 18:13; Jeremia 18:18; Psalm 73:9 en 1 Johannes 3:18 met mekaar).

### **Wysheid van bo, nie van onder nie**

In die vraag van vers 13 gryp Jakobus terug na vers 1. Wat is die kenmerk van 'n ware leermeester – onderwyser – in die Kerk? Wysheid en verstand. Wysheid het te doen met die keuse van 'n doelstelling. Verstand dui op die keuse van middels wat gebruik word om die doel te bereik. Die Kerk moet dit kan wys in haar handel en wandel.

Wanneer Christus as enige Meester van die Kerk verdring word, dan is dit opstand teen die opperste Wysheid (Spreuke 8), wat Homself gegee het in volkome gehoorsaamheid en wat Hom so laat verkondig en langs hierdie weg wysheid en verstand gee wat van bo kom.

Die groot vraag is dus altyd weer: wat beheers die Kerk en ons lewens? Die geloofsgehoorsaamheid aan Christus? Allesbeheersend is die teenstelling: wysheid van God of wysheid van die wêreld? Wysheid van bo of wysheid van onder? Aan die vrugte ken 'n mens die boom. Is die wysheid van onder, dan sal daar slegte vrugte wees (om jouself te soek, jaloesie, twisgierigheid, ywer sonder verstand). Is die wysheid van bo (Jakobus 1:18), dan sal daar goeie vrugte wees (suiwer, volkome toegewy aan die diens van die Here, vreedsaam, beskeie, insiklik, vol barmhartigheid, onpartydig, eerlik, ens. v. 17, 18.)

### ***Vrae vir die bespreking:***

1. Wat leer Matteus 5:11 ons oor hierdie onderwerp?
2. Kan ons Hebreërs 5:12 en 2 Timoteus 4:3 aanhaal vir die mening dat ons nie die amp van leraar moet begeer nie?
3. Wys duidelik die gevaar aan van 'n gepraat (redevoeringe, preke, onderwys) as dit nie onderwerp is aan die Woord van God nie. Vul dit aan met voorbeelde uit die geskiedenis van die Kerk, byvoorbeeld tydens die Reformasie en Vrymaking.
4. Waarom praat Jakobus oor die tong? Gaan dit nie eintlik oor die hart nie?
5. Bespreek aan die hand van Sondag 43 HK die verskillende sondes van die tong.
6. Is dit moontlik dat te min broers in die gemeente 'n kerklike amp begeer, en wat kan die redes hiervoor wees?
7. Wat is “dominokrasie”? Is dit 'n gevaar wat altyd in die kerk aanwesig is? Kan jy voorbeelde gee?
8. Kan jy 'n paar grondbeginsels noem van die Kerkorde van die Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika? Watter stelsel word in die kerke gebruik?



## **Skets 7**

# **Die gemeenskap van die Heiliges**

## **Jakobus 4:1 – 5:6**

### **Niemand kan twee here dien nie**

Ons moet ook nou nie die tema van hierdie brief van Jakobus vergeet nie: kerk IN die wêreld, maar nie VAN die wêreld nie.

Die kerk het 'n geloofstryd om te voer na binne en na buite (Efesiërs 6). Hierdie stryd, wat deur God gebied word, is samebindend. Maar wees versigtig as die genadeheerskappy van Christus nie meer ons doel is nie. Wanneer ons nie meer vanuit die evangeliese boodskap van vreemdelingskap leef nie, dan begin die kerk lyk soos wat Jakobus dit in vers 1-6 beskryf. Hy gebruik sterk woorde. "Oorloë" en "veldslae". Waaruit kom dit dan alles voort? Dit kom voort uit slegte begeertes. Genotsug, gemaksug, sinlike genot. Ons wil nie die vernedering, die moeite en die stryd hê wat geloof saambring nie. Ons gebede word verhinder. Daar is slegte begeertes in ons gebede. Onversadigbaar. Soos met owerspel. Die kerk vertoon nie meer die styl van 'n bruid nie. In vers 6 staan daar letterlik owerspelsters. Kerk en die sonde van die kerk soos dit vir ons beskryf is in die Bybel (Jesaja 54:5; Hosea 1-3; Matteus 12:39; 16:4; Markus 8:38; 2 Korintiërs 11:2; Efesiërs 5:24-28). Vriende van die wêreld: vyande van God. Vriende van God: dan ook vyande van die wêreld. Dit is nie verniet dat daar vyandskap moet wees nie. (Jakobus 1:27; Johannes 15:18, 19; Johannes 17:1; Johannes 2:15-17). Verse 5 en 6 is moeilik. Dit wil voorkom of Jakobus sê dat die styl van Pinkster ontbreek in die kerk: die betoning van die gemeenskap van die heiliges. As dit wat in Spreuke 3:34 staan in die Ou Testament gegeld het, hoeveel te meer noudat in hierdie bedeling die Gees van sagmoedigheid aan ons gegee is, sodat die Kerk die gesindheid van Jesus Christus sou vertoon (Filippense 3)? Laat ons hierdie meerdere rykdom (Pinkster) gebruik met groter verantwoordelikheid.

### **Onverdeelde diens gevra**

Trek Jakobus in vers 7-10 'n streep deur die eerste gedeelte van sy brief? (Jakobus 1:2 en verder, sien skets 2.) Het hy nou die feestelike sekerheid van die heerlike genadeheerskappy van Christus verloor? Is dit 'n oproep tot droefheid? Nee, hy verkondig met al sy krag die genadeheerskappy van die Here Jesus Christus, waarteenoor die heerskappy van satan hom verhef. As ons hierdie enige troos wil geniet, dan moet die kerk leef in geloof en gehoorsaamheid aan haar Heer en Hoof. Dan moet ons buig voor Hom en niemand anders nie, noudat ons leef in die magsgebied van satan, wat 'n klein tydjie tot sy beskikking het (Openbaring 12:12). Oor die "nader" in vers 8 lees ons meer in Eksodus 19:22, Esegieël 44:13, Jesaja 29:13, Psalm 65:5, 2 Kronieke 15:2, Sagaria 1:3 en Maleagi 3:7. En vir "reinig" in vers 8 kan ons ook kyk na Genesis 35:2, Eksodus 30:17, 1 Konings 7:23, Johannes 17:9, 22:30, 1 Timoteus 2:8 en ander. Die Here vra van ons onverdeelde diens aan Hom. Dan alleen gee ons onself op die regte manier aan mekaar in die gemeenskap van die heiliges.

### **Net die Woord heers in die onderlinge verkeer**

So baklei die Woord van God daarvoor dat ons ons vlees sal onderwerp aan die Gees. As hierdie onderwerping ontbreek in die kerk van die Here, dan sal die begeerlikheid sonde voortbring. Twis. Geen gebede of verkeerde gebede. Verheffing van die een broeder/suster teenoor die ander broeder/suster (v. 11, 12).

Nee, Jakobus veroordeel hier nie homself nie (vergelyk v. 4). Hier word die oordeel met die Woord van God tot bestryding van die sonde in die kerk nie verbied nie. Dit is selfs 'n roeping (Jesaja 5:20; Matteus 7:1-6). Wat verbied Jakobus hier dan wel? Die vleeslike oordeel soos wat die wêreld dit doen. Hoekom veroordeel die wêreld die sonde van die mense in die kerk so maklik? Uit liefde en ywer vir God en sy wet? Nee, maar al is die feite waar, tog is dit spottende selfverheffing teen God, die Wetgewer. Wanneer jy nie die Woord hanteer teenoor jou broeder nie, dan maak jy jouself skuldig aan hierdie vleeslike verheffing. Dit beteken dat jy met jou berisping van jou broeder/suster jou bo hom of haar stel. Waaraan toets jy dan jouself en die broeder of suster? Aan jou eie doen en late pleks van aan die een koninklike wet.

Laat die Woord van God heers in die onderlinge verkeer (as ons met mekaar praat)! Niks anders nie. Slegs as ons buig voor Hom en sy reg, is ons diensbaar en besig om mekaar op te bou as broeders en susters in die gemeente (art. 27 NGB).

### **Om in afhanklikheid van die Here te leef**

Dit is ook wêreldgelykvormig om oormoedig te spog oor jouself, oor jou arbeid en die daaglikse lewe. Dit is 'n lewe waarin elke dag sonder God geleef word.

In Jakobus se tyd is daar baie gereis. Dink maar aan Paulus byvoorbeeld. Hulle weet hoe om goed te doen, hulle het God se Woord, maar hulle tree nie daarvolgens op nie. Jakobus bestraf skerp hierdie sonde. Hy teken vir hulle die afhanklikheid van die Here. Die lewe is verganklik (Spreek 27:1). Verse 15 en 16 gee ons die sogenaamde Jakobitiese voorwaarde, ons D.V. (Deo Volente, wat beteken: as die Here wil). Pleks van om groots te wees op ons lewe, moet ons afhanklik van die Here wees en dit met die daad laat sien.

### **Die rykes word in besonder gewaarsku**

Die waarskuwing teen die rykes (5:1-6) word net soos die vorige gedeelte ingelei met dieselfde woorde ("Kom nou, ..."). Die mening van die skrywer is dat dit in hierdie hoofstuk gaan oor die rykes in die gemeente. Jakobus roep niemand op om hulle teen die rykes te verset nie, maar spreek hulle self aan en plaas hulle onder die tug van die Evangelie net soos Christus dit gedoen het (Lukas 6:24, 25; 1 Timoteus 1:16, 17; vergelyk Amos 6:3-7). Om te besit is as sodanig onseker (Matteus 6:19). Nadruk word geplaas op die houding van die besitters. Daar is onreg daarin dat bymekaargemaak word vir die laaste dae (1 Timoteus 4:1; 2 Timoteus 3:1; 1 Johannes 2:18). Ook in die terughou van lone (Levitikus 19:13; Deuteronomium 24:14, 15; Job 31:38, 39; vergelyk Psalm 146). In die selfsugtige, weelderige lewe, misbruik van God se gawes (Jakobus 1:17). Sonde teen God en jou naaste (v. 6).

### ***Vir die bespreking:***

1. Wat moet ons sê as die wêreld daarbuite so dikwels sondes van die mense in die kerk noem en dit dan nog waar is ook?
2. Moet ons by al ons beplanning, aankondigings van vergaderings ens. D.V. sê en skryf?
3. Wat leer die Skrif ons ten opsigte van ons besittings?
4. Aan watter eise moet die omgang met mekaar in die Kerk voldoen? Wat word verstaan onder "'n krisis in die omgang met mekaar"?

## **Skets 8**

# **Die gemeenskap van die Heiliges (vervolg)**

## **Jakobus 5:7-20**

### **Volharding wat gewerk word deur die Woord**

Jakobus waarsku die gemeenskap van die heiliges om IN die wêreld, MAAR NIE VAN DIE WÊRELD te wees nie. Wanneer daar verdrukking oor ons kom, dan is daar groot gevaar van vleeslike handhawing en dat ons ons Christelike moed kan verloor. Lankmoedig = onderdrukking van opbruiseende bloed. Ons mag dit nie los maak van volharding nie. (1:3, 12).

### **Volharding wat gewerk word deur die Woord**

Die geduld om gelowig te wag (dit het niks met lydelikheid te doen nie!) word gewerk deur die Woord van God: die belofte van die toekoms van die Here. In die natuurlike lewe het ons 'n pragtige voorbeeld (v. 7). Nadat hy gedoen het wat daar van hom gevra is – om jou akker gereed te kry, te ploeg, kompos te gee, te saai – dan hoef die boer hom nie verder te bekommer oor dit wat buite die verantwoordelikheid van die mens val nie: die vroeë en die laat reën (Hosrs 6:3; Joël 2:23). So moet die kerk geduld hê nadat sy haar arbeid verrig het.

### **Volharding vra waaksaamheid**

Hierdie Christelike geduld is eintlik gelowige waaksaamheid, want dit vertrou op die sekerheid dat die groot Regter sal verskyn. Wanneer dit dan so in die gemeente is, dan eindig die wedersydse klagtes (die teenoorgestelde van versterking van die hart). Om oor mekaar te sug, lei die aandag af van die komende Christus. Hy staan voor die deur (Markus 13:29; Matteus 24:33). Laat sy wederkoms, sy heerlike aanwesigheid op die wolke (Handelinge 1:11) die hele doen en late van die kerk op aarde bepaal. Artikel 37 NGB moet nie die afsluiting wees nie, maar die hele Christelike lewe moet juis 'n voorbereiding wees vir hierdie laaste heilsfeit.

### **Voorbeelde van volharding uit die Skrif**

Met voorbeelde uit die Skrif staaf Jakobus sy prediking aangaande die regte lankmoedigheid en volharding. Vergelyk Hebreërs 12:1-3. Met die einddoel van die Here word bedoel dit waarop die Here met Job afgestuur het (vgl Job 1, 2 en 42).

### **Jou JA moet JA wees, jou NEE NEE**

In vers 12 skerp Jakobus die kerkwet by ons in soos voorgehou deur Christus insake die betroubaarheid van dit wat ons sê (Matteus 5:33-37). Christus spreek Hom in Matteus uit teen die praktyk van eedswering soos dit in daardie dae in die kerk voorgekom het. Onegte ede om iemand van jou van waaragtigheid en betroubaarheid te oortuig met die bedoeling om jou aan die volstreekte bindende krag te onttrek. Ons moet volstaan met 'n eenvoudige ja en nee in die kerk. Dit is die Woord wat die vastigheid van die kerk bepaal. Ons mag nie ons eie woord bo dit stel nie. In die wêreld loop dinge skeef oor leuens, oor die onbetroubaarheid en onvastheid van mekaar se woorde. God hoor ons nie net as ons 'n eed sweer nie (wanneer hoor Hy ons dan wel? Sondag 37 HK), maar ten alle tye. Ons staan altyd voor die aangesig van God. Ons moet altyd sekerheid en betroubaarheid aan die dag lê, al weet ons dat nie almal IN die kerk VAN die kerk is nie. Maar alleen Christus bepaal wat die norme en reëls is waaraan onself moet meet, en waarvolgens ons moet leef. Hy het die wet vir ons gestel: jou ja moet ja wees en jou nee nee.

## **Onderlinge hulpbetoon**

Die slot van hierdie hoofstuk vorm 'n geheel (v. 13-20). In vers 13 sê Jakobus dat daar in geval van leed (lyding, siekte, stryd) gebid moet word, dit is om die HERE se hulp te vra. In geval van vreugde (uitredding, verlossing, genesing) moet die HERE gedank word.

Jakobus skerp dit by die gemeente in, dat hulle dit moet doen soos ons dit nou bely in bv. Sondag 10 HK. (In voorspoed dankbaar, in teëspoed geduldig, vir die toekoms 'n vaste vertroue.) Vers 14 en 15 is vir baie mense 'n struikelblok. Ons dink dan dadelik aan gebedsgenesing. Jakobus skryf hier oor siekte en sonde. Daar is mense wat siek is wat nog nooit hulle sonde bely het nie. Hierdie mense roep nie die oudstes (ouderlinge) om hulle te salf en die hande op te lê nie. (Beide hierdie handeling is 'n simbool van die skenking van die Heilige Gees.) Hulle bely dus nie hulle sondes aan mekaar nie.

Waaruit kom dit voort? Uit afwyking van die waarheid (v. 19). Baie mense het in daardie tyd na die heidense priesterdokters (toordokters) met hul afgodediens gegaan. Hierdie mense het dan met hierdie daad geloën dat hulle met liggaam en siel aan Jesus Christus toebehoort (HK Sondag 1). Jakobus laat die Evangelie spreek teen hierdie afgodediens. Ook in tye van siekte moet die kerk nie VAN die wêreld wees nie. Laat die gemeentelêde ouderlinge roep sodat hulle gesalf kan word in die naam van Christus. Nie in die naam van Asklepius (die god van die geneeskunde) nie. Laat die kerk by die Evangelie bly van die volkome verlossing deur Christus (Openbaring 3:14-22). Slegs as ons belydenis van ons sondes doen, sal die gebedsgemeenskap onderling herstel word. Dan kan ook die siekes in die regte verhouding tot God saambid vir genesing. Dan is die gebed kragtig, want God verleen energie daaraan.

## **'n Kragtige gebed word gevra**

Sonder die gebed kan die Kerk nie bestaan nie. Jakobus wys op Elia in die tyd van Agab (1 Konings 17:1, 1 Konings 18:41). Dit was 'n tyd waarin die Kerk nie wou weet van die verskil tussen kerk en wêreld nie. Die Kerk kan nie op twee gedagtes hink nie. Dit is die HERE of Baäl, die Here of Asklepius. Ook nou gaan dit hier om die regte keuse. Wanneer die sondes nie bely en bestry word nie, dan word die gebede verhinder. Laat die kerk ook vandag bly by die Woord van die Waarheid te midde van die wêreld. Want slegs deur die Woord van die waarheid word die Kerk volkome gered en behou.

## ***Vir die bespreking:***

1. Watter sakrament het die Roomse Kerk gegrond op Jakobus 5:14? Hoekom is dit verkeerd?
2. Waarom is dit verkeerd om hierdie teks te gebruik vir 'n regverdiging om jou te beroep op gebedsgenesers?
3. Hoe moet ons bid vir genesing? Waarom is dit wat gebedsgenesers doen gevaarlik vir ons geloofslewe?
4. Wat het die Roomse Kerk uit vers 16 gehaal?
5. Wat leer die Skrif ons oor die verband tussen siekte en sonde? Dink onder andere aan 1 Korintiërs 11:30, Johannes 9:2 en 3.
6. Die salwing vind nie meer plaas onder ons nie. Is dit dan 'n verarming van ons Christelike lewe?
7. Wanneer sien ons nog die handoplegging in die Kerk? Hoe moet ons dit verstaan, wat beteken dit?